



UNIVERSITEIT•STELLENBOSCH•UNIVERSITY  
jou kennisvenoot • your knowledge partner

# Assesseringsreglement

Goedgekeur deur die Fakulteitsraad op 15 Mei 2020

*saam vorentoe • masiye pbambili • forward together*

Fakulteit Ingenieurswese | Faculty of Engineering  
Privaat Sak X1, Private Bag X1, Matieland, 7602  
Tel: +27 21 808 4203 | [www.eng.sun.ac.za](http://www.eng.sun.ac.za)



# Inhoudsopgawe

1	Inleiding .....	1
2	Beginsels vir Effektiewe Assessering .....	1
2.1	Geldigheid.....	1
2.2	Betroubaarheid.....	1
2.3	Akademiese integriteit .....	1
2.4	Deursigtigheid.....	1
2.5	Regverdigheid .....	1
2.6	Haalbaarheid.....	1
2.7	Tydige terugvoer.....	2
3	Assesseringsmetodes van Toepassing op Voorgraadse en Nagraadse Modules in die Fakulteit Ingenieurswese.....	2
3.1	Buigsame assessering .....	2
3.1.1	Hoofassesseringsgeleenthede.....	2
3.1.2	Ander assesseringsgeleenthede.....	3
3.1.3	Beperkings op bydraes van assesserings .....	3
3.1.3.1	Verstekbeperkings.....	3
3.1.3.2	Nagraadse modules wat in een blok aangebied word .....	4
3.1.3.3	Nagraadse modules wat in twee blokke aangebied word.....	4
3.1.4	Toegang tot assesseringsgeleenthede .....	5
3.1.4.1	Toegang tot A1 en ander assesseringsgeleenthede tydens die semester.....	5
3.1.4.2	Toegang tot A2 .....	5
3.1.4.3	Toegang tot A3 .....	5
3.1.5	Prestasiepuntformules .....	6
3.1.5.1	Algemene benadering .....	6
3.1.5.2	Na afloop van A2 en voor A3.....	6
3.1.5.3	Na afloop van A3 .....	7
3.1.5.4	Afronding van PP .....	7
3.1.6	Bekendmaking en laai van punte .....	7
3.1.6.1	Voor A2.....	8
3.1.6.2	Na afloop van A2 en voor A3.....	8
3.1.6.3	Na afloop van A3 .....	9
3.1.7	Toegang tot en bewaring van gemerkte antwoordstelle .....	10
3.1.8	Subminima.....	10
3.1.9	Verstek tydsduur van assesserings .....	11
3.1.10	Werk gedek per assessering.....	11
3.1.11	Voorvereistes .....	11
3.1.12	Moderering.....	11
3.1.13	Herhalers .....	11
3.1.14	Roosters.....	11
3.1.15	Assesserings wat meer as een vraestel beslaan .....	11
3.1.16	Afwyking van die normale beperkings .....	11
3.1.17	Kopiereg op vraestelle.....	12
3.1.18	Aansoek vir her-evaluering of herberekening van prestasiepunte .....	12
3.2	Projekevaluering.....	12
3.3	Bevredigende bywoning.....	12
3.4	Deurlopende evaluering.....	12
4	ECSA Eienskappe van Graduandi en ECSA kennisareas.....	12

4.1	GA Assesseringswerkswinkels .....	13
4.2	Algemene subminima en prestasiepunt maksima geassosieer met GA's.....	13
4.3	Moderering van GA-assesserings .....	13
4.4	GA-assesseringsrubrieke .....	13
4.5	GA's geassesseer in meervoudige assesseringsgeleentheid in een module.....	14
4.6	GA assessering rekordhouding .....	15
5	Subminima en Geleentheid ter verbetering.....	16
6	Mondelinge Assesserings.....	17
7	Assesserings van Groep- of Spanwerk .....	17
7.1	Span-indelings.....	17
7.2	Wisselende spangroottes .....	17
7.3	Pligte en verantwoordelike van studente t.o.v. spanwerk .....	18
7.4	Eweknie-evaluering .....	18
7.5	Appèl teen en moderering van eweknie-evaluering .....	19
7.6	Eksterne moderering .....	19
7.7	Keerdatums vir inhandiging.....	19
8	Nabyverwante NGDip (Ing) en MIng (Strukt) Modules.....	19
9	Dekaansvergunningseksamen.....	20
10	Verantwoordelike met betrekking tot die Implementering van die Assesseringsbeleid .....	21
10.1	Verantwoordelike van die student.....	21
10.2	Verantwoordelike van die assessor (die dosent) .....	22
10.3	Verantwoordelike van die Fakulteit .....	22
10.4	Verantwoordelike van die Departementele Programkoördineerder .....	22
10.5	Verantwoordelike van die Departementele Voorsitter .....	23
11	Voorvereistes .....	23
12	Toegewings aan Herhalers.....	23

# 1 Inleiding

Die assesseringsreglement vir die Fakulteit Ingenieurswese is geformuleer volgens die riglyne soos gegee in "Assesseringsbeleid en -Praktyke aan die Universiteit van Stellenbosch", Hersien in: 2011. Die Fakulteit Ingenieurswese aanvaar en onderskryf daardie beleid.

Hierdie dokument beskryf kortliks assessering in die Fakulteit Ingenieurswese en beskryf veral die aksies wat die fakulteit bedryf om te verseker dat die assessering in die fakulteit aan die behoefte en vereistes van die beleid voldoen. Verder is dit die basis van die opleiding en sensitisering wat aan dosente gebied word om te verseker dat graduandi aan die nodige minimum vereistes voldoen. Terselfdertyd moet dosente nie onredelike verwagtinge van studente koester nie. Hierdie dokument het dus ten doel om te verseker dat assessering in die fakulteit Ingenieurswese **geldig, betroubaar** en **verantwoordbaar** is. Hierdie dokument moet saam met die Fakulteit se Reglement vir Interne en Eksterne Moderering gelees word.

## 2 Beginsels vir Effektiewe Assessering

Die Fakulteit strewende daarna om die volgende beginsels vir effektiewe assessering, soos beskryf in die US se institusionele assesseringsbeleid, aktief toe te pas en dosente as assessore aktief te begelei om dit te kan doen.

### 2.1 Geldigheid

Die assessering moet wat dit veronderstel is om te meet en die afleidings en aksies wat op die assesseringsresultate gebaseer is, is gepas en akkuraat.

### 2.2 Betroubaarheid

Die resultate van assesseringstake of geleenthede is herhaalbaar in verskillende kontekste.

### 2.3 Akademiese integriteit

Die nodige prosedures bestaan om oneerlikheid so ver moontlik te verhoed, te bespeur en te hanteer. Dit impliseer dat alle betrokkenes op hoogte is van die Senaatsregulasies in die verband.

### 2.4 Deursigtigheid

Inligting oor assessering is aan studente bekend. Dit sluit in inligting oor die redes vir die assessering, wanneer dit sal plaasvind, metodes wat gebruik sal word, die beginsels waaraan dit gemeet sal word, die wyse waarop die finale punt bereken sal word en enige omgewingspesifieke appèlmeganismes, in aanvulling tot dié in die Jaarboek Deel 1 en Deel 11.

### 2.5 Regverdigheid

Assesseringsisteme is billik deurdat alle studente regverdig behandel word, sonder vooroordeel en met die nodige hulp om onvermoë of agterstande te oorkom.

### 2.6 Haalbaarheid

Die koste en praktiese implikasies van die assesseringsproses is redelik binne die konteks en die doel van die assessering.

## 2.7 Tydige terugvoer

Dosente gee tydige terugvoer oor formatiewe, en waar moontlik summatiwe, assesseringstake. Die terugvoer stel die studente in staat om die gedeeltes wat bevredigend afgehandel is te identifiseer en duidelik te weet watter gedeeltes verdere studie benodig.

## 3 Assesseringsmetodes van Toepassing op Voorgraadse en Nagraadse Modules in die Fakulteit Ingenieurswese

Dit is die oogmerk van die Fakulteit dat Buigsame Assessering in alle modules waarvoor dit 'n gepaste metode is, geïmplementeer word, en dat dit die verstek assesseringsmetode sal wees. Verder gebruik die Fakulteit ook Projekevaluering en Bevredigende Bywoning in modules waar Buigsame Assessering nie gepas is nie. Die tradisionele eksamenstelsel word gebruik in sommige modules wat ook, of uitsluitlik, in ander programme as die Fakulteit se programme, ingesluit is.

Dit is belangrik om daarop te let dat in die Fakulteit Ingenieurswese alle module-raamwerk<sup>1</sup> voor die aanvang van die semester deur die programkoördineerder goedgekeur moet word. In die module-raamwerk word die besonderhede gespesifiseer hoe assessering in die betrokke module sal plaasvind en wat die bydrae van elke komponent van die assessering tot die prestasie punt sal wees. Dit sluit ook in die vooraf identifisering van assesserings waar subminima van toepassing sal wees.

### 3.1 Buigsame assessering

Die Fakulteit se inkleding behels die volgende:

#### 3.1.1 Hoofassesseringsgeleenthede

Drie formele assesseringsgeleenthede word geskeduleer, naamlik die eerste hoofassesseringsgeleentheid (A1) in die periode van die middel-semester toetsweek, die tweede hoofassesseringsgeleentheid (A2) in die periode van die eerste eksamens en die derde hoofassesseringsgeleentheid (A3) in die periode van die tweede eksamens.

Behalwe vir die Dekaanvergunningseksamens (verwys na Afdeling 8) word geen verdere assesseringsgeleenthede voorsien om A1, A2 of A3 te vervang nie, ongeag die student se omstandighede.

Studente word sterk aangemoedig om van A1 en A2 te skryf, om die volgende redes:

- A1 het belangrike formatiewe waarde, byvoorbeeld die terugvoer wat studente ontvang oor hul bemeestering van die werk wat in die voorafgaande kwartaal aangebied is, voordat daardie kennis in die volgende kwartaal toegepas moet word;
- Student ontnem hulself van 'n aanvullende assesseringsgeleentheid wanneer hulle nie A1 of A2 skryf nie, wat daartoe kan lei dat hulle die module sal sak as hulle, byvoorbeeld, siek is tydens A3;
- Min kan verloor word deur A1 te skryf (versus baie wat gewen word deur A1 te skryf) omdat 'n lae A1 punt nie toegang tot A3 sal weerhou nie; en

---

<sup>1</sup> Soms "studiegids" genoem

- Finalejaarstudente wat enige A3 in die tweede semester skryf sal nie daardie jaar in Desember kan gradueer nie.

### 3.1.2 Ander assesseringsgeleenthede

Verdere assesseringsgeleenthede word, na gelang van die aard van die module, ad hoc geskeduleer (bv praktika, werkstukke en tutoriaaltoetse). Hierdie assesserings sal saamgestel word om 'n "semesterpunt" (SP) te bepaal en moet, waar moontlik, tydens die module se kontakperiodes gedoen word. Die samestelling van die SP moet aan die begin van die semester in die module-raamwerk bekendgemaak word. Die resultate van die eerste assessering wat in die SP opgeneem word, moet binne die eerste vyf weke van die semester bekendgemaak word.

Werkstukke of assesserings wat met tutoriale verband hou, is verpligtend tensy anders gestel in die module-raamwerk of hierdie reëls. Om te voorkom dat mediese sertifikate of bewyse van verlof deur die Registrateur ingedien moet word, wanneer tipies 10 of meer sulke assesserings in 'n gegewe semestermodule voorkom, geld die volgende:

- 'n Punt van 0 sal toegeken word wanneer 'n student enige van hierdie assesserings nie voltooi nie en geen verskonings (hetsy vir mediese, sport of enige ander rede) sal oorweeg word nie; en
- Elke student se laagste twee punte vir hierdie assesserings sal buite rekening gelaat word wanneer die semesterpunt bereken word.

Indiening van mediese sertifikate of bewys van verlof deur die Registrateur:

- Sal normaalweg nie vereis word nie vir formatiewe assesserings waarin daar nie punte toegeken word nie; maar
- Mag vereis word vir assesserings tydens die semester waar uitkomste geassesseer word wat nie in A1, A2 of A3 geassesseer word nie (bv laboratorium praktika);
- Onderhewig daaraan dat redelike voorsiening gemaak word vir studente wat nie kan bekostig om mediese sertifikate te bekom nie.

### 3.1.3 Beperkings op bydraes van assesserings

#### 3.1.3.1 *Verstekbeperkings*

In Afdeling 3.1.5 se formules stel  $w_{sp}$ ,  $w_{A1}$  en  $w_{A2}$  wegingsfaktore voor vir die samestelling van die prestasiepunt (PP), bepaal na gelang van die geaardheid van elke module. Die wegingsfaktore wat gebruik gaan word, moet in die module-raamwerk van die betrokke module uiteengesit word.

In alle gevalle:  $w_{sp} + w_{A1} + w_{A2} = 1$

$w_{sp}$ :

- $w_{sp} \leq 0.2$  indien saamgestel uit formatiewe assesserings (tipies in minder gekontroleerde omstandighede wat nie verseker dat studente se eie werk geassesseer word nie).
- Enige enkele assessering wat in  $w_{sp}$  opgeneem is, se bydrae tot PP:  $\leq 0.5$

$w_{A1}$ :

- Vir eerste-semester-modules in die eerstejaar:  $w_{A1} \leq 0.3$
- Vir tweede-semester-modules in die eerstejaar:  $w_{A1} \leq 0.35$
- Vir tweede en later studiejare:  $0.25 \leq w_{A1} \leq \text{minimum}(0.4, w_{A2} - 5\%)$

$w_{A2}$ :

- $0.4 \leq w_{A2} \leq 0.6$

Dosente word aangemoedig om met die keuse van  $w_{A1}$  in aanmerking te neem dat, oor die algemeen, A1 onder groot tydsdruk afgelê word en dat A1 normaalweg tot twee ure beperk word. Gepaardgaande hiermee, en veral indien  $w_{A2}$  se waarde 0.5 of meer is, word dosente aangemoedig om soveel as prakties moontlik van die semester se werk in A2 te assesseer.

Tipiese waardes vir die gewigte is: [ $w_{sp} = 0.15$ ;  $w_{A1} = 0.35$ ;  $w_{A2} = 0.5$ ], [ $w_{sp} = 0.1$ ;  $w_{A1} = 0.4$ ;  $w_{A2} = 0.5$ ] en [ $w_{sp} = 0.1$ ;  $w_{A1} = 0.3$ ;  $w_{A2} = 0.6$ ].

### *3.1.3.2 Nagraadse modules wat in een blok aangebied word*

Vir modules wat met een kontakblok (tipies een week vir 'n module van 15-krediete) aangebied word, word slegs die semesterpunt gebruik (d.w.s.  $w_{sp} = 1$ ;  $w_{A1} = 0$ ;  $w_{A2} = 0$ ) en die volgende beperkings geld:

- Sommige werkstukke mag voor die kontakblok gegee word, gebaseer op vooraf leeswerk en voorstudie. Hierdie werkstukke, vir 'n 15-krediet module, sal tipies 0 tot 30 ure se werk vereis en 0 % tot 15 % tot die SP bydra.
- Formatiewe assesserings tydens die kontakblok, met groep- of individuele werk, wat 20 % tot 30 % van die SP bydra.
- Een of meer werkstukke na die kontakblok. Hierdie werkstukke, vir 'n 15-krediet module, sal tipies 60 tot 90 uur se werk vereis en sal die oorblywende deel van die SP bydra.

Die totale assesseringstyd moet gepas wees vir die krediete en kontaktyd. Byvoorbeeld, vir 'n tipiese 15-krediet module (met 10 veronderstelde ure per krediet, volgens SAQA en ECSA): indien die module 'n kontakblok van een week gebruik, wat 60 ure se werk (kontak en formatiewe assesserings) behels, dan behoort die assesserings buite die blok 90 ure in totaal van die student te vereis.

### *3.1.3.3 Nagraadse modules wat in twee blokke aangebied word*

Hierdie afdeling is van toepassing op nagraadse modules wat twee kontakblokke gebruik, tipies met die tweede blok 'n paar weke na die eerste. Twee benaderings is goedgekeur:

In die eerste benadering gebruik die modules die benadering wat hierbo gegee word vir modules wat een blok gebruik, maar met sommige werk wat daar aan werkstukke na die blok toegeken is, hier toegeken aan werkstukke tussen die blokke.

In die tweede benadering geld die verstekbeperkings (Afdeling 3.1.3.1) en die volgende benadering word gebruik:

- Opsioneel: klein werkstukke voor die eerste kontakblok, gebaseer op vooraf leeswerk en voorstudie. Hierdie werkstukke, vir 'n 15-krediet module, sal tipies minder as 10 % tot die SP bydra.
- Formatiewe assesserings tydens die kontakblokke, met groep- of individuele werk, wat die oorblywende deel van die SP bydra.
- Een summatiewe assessering ('n toets of 'n projek-tipe werkstuk) wat voltooi word aan die begin van die tweede blok. Hierdie assessering word as A1 beskou.
- Een summatiewe assessering ('n toets of 'n projek-tipe werkstuk) na die tweede blok. Hierdie assessering word as A2 beskou).

### 3.1.4 Toegang tot assesseringsgeleenthede

#### 3.1.4.1 *Toegang tot A1 en ander assesseringsgeleenthede tydens die semester*

Alle studente wat vir die module geregistreer het, verkry toegang tot A1. Dit word ten sterkste aanbeveel om A1 te skryf (verwys asseblief na Afdeling 3.1.1), maar dit is nie verpligtend nie.

Vereistes vir toegang tot ander assesseringsgeleenthede tydens die semester word in die module-raamwerk uiteengesit.

#### 3.1.4.2 *Toegang tot A2*

Alle studente wat die subminima wat vir die semester se assesserings gegeld het (indien enige), bevredig het, verkry toegang tot A2.

A2 is nie verpligtend nie, behalwe vir studente wat nie A1 skryf het nie. Studente mag self kies om nie A2 te skryf nie en het dan outomaties toegang tot A3. Studente word sterk aangemoedig om A2 te skryf vir die redes uiteengesit in Afdeling 3.1.1.

#### 3.1.4.3 *Toegang tot A3*

Die kennisgewing vir studente wat tot A3 toegang kry, word gegee deur die betrokke kode saam met die prestasiepunte op die sentrale puntstelsel te laai (soos uiteengesit in Afdeling 3.1.6.2).

Die volgende studente verkry toegang tot A3:

- Alle studente wat A2 geskryf het, maar nie A1 nie;
- Alle studente wat A1 geskryf het en toegang tot A2 gehad het, maar nie A2 geskryf het nie; en
- Alle studente wat A1 en A2 geskryf het en sodoende 'n prestasiepunt van PP < 50 behaal het, tensy hulle deur een van die onderstaande uitsonderings geraak word (ter bevestiging: studente wat na A2 sou slaag, behalwe dat hulle nie die subminimum op A2 bevredig het nie, mag A3 skryf om die subminimum te bevredig; ook studente met 'n prestasiepunt minder as 40 na A2 mag A3 skryf).

Uitsonderings op verlening van toegang:



- Studente wat sou geslaag het, maar verhinder is deur 'n subminimum wat nie in A3 bevredig kan word nie (byvoorbeeld 'n subminimum tydens die semester, soos 'n verpligte prakties of 'n projek);
- Uitsonderings gestel in die module-raamwerk, na goedkeuring deur die Programkomitee.

### 3.1.5 Prestasiepuntformules

#### 3.1.5.1 *Algemene benadering*

Indien 'n student die lokaal waarin 'n hoofassessering geskryf word, binnegaan, sal dit geag word dat die student daardie assesseringsgeleentheid gebruik het en 'n punt sal aan die student vir daardie assessering toegeken word.

In die volgende formules stel  $w_{sp}$ ,  $w_{A1}$  en  $w_{A2}$  die wegingsfaktore vir die samestelling van die prestasiepunt (PP) voor. Verwys na Afdeling 3.1.3 vir beperkings op die wegingsfaktore. SP, A1, A2 en A3 stel die onderskeie punte (elkeen uit 100) wat vir die semesterpunt en die drie hoofassesserings behaal is, voor.

Die benadering vir die prestasiepuntberekening is (die stap-vir-stap prosedures wat die benadering implementeer, volg daarna):

- Aan studente wat nie ten minste twee van die drie hoofassesserings (A1, A2 en A3) geskryf het nie, word 'n finale resultaat van "Module Onvoltooid" toegeken.
- Studente moet ten minste 40 in A2 of A3 behaal om te slaag.
- Vir studente wat A1 en A2 afgelê het, maar nie A3 nie, word die onafgeronde prestasiepunt gegee deur:  $PP = w_{sp} SP + w_{A1} A1 + w_{A2} A2$ , met  $w_{sp} + w_{A1} + w_{A2} = 1$ .
- Vir studente wat A1 en A3 geskryf het, maar nie A2 nie, word die onafgeronde prestasiepunt bereken met die formule hierbo, behalwe dat A3 in plaas van A2 gebruik word. Die wegingsfaktore word nie aangepas nie.
- Vir studente wat A1 misgeloop het, maar A2 en A3 geskryf het, word die SP se gewig behou, terwyl dieselfde gewig aan A2 en A3 gegee word in die onafgeronde prestasiepunt.
- Vir studente wat A1, A2 en A3 afgelê het, word A3 gebruik waar dit die mees voordelige bydrae maak. PP mag nie meer as 50 wees nie, maar PP mag nie verlaag word deur A3 in berekening te bring nie. Dit beteken dat die drie voorgenoemde prestasiepuntformules (A1 met A2, A1 met A3 en A2 met A3) toegepas word en dit grootste resultaat gebruik word as die onafgeronde prestasiepunt, behalwe dat PP beperk word tot 50 of minder.

#### 3.1.5.2 *Na afloop van A2 en voor A3*

Wanneer gebruik	PPv formules	PPv indien (A2 ≥ 40) en alle ander subminima bevredig is	PPv indien enige subminimum nie bevredig is nie
A1 en A2 afgelê	$PPv1 = w_{sp} SP + w_{A1} A1 + w_{A2} A2$	$PPv = PPv1$	$PPv = \min(45, PPv1)$
Nie A1 of A2 afgelê nie		geen PP	geen PP

Verwys na Afdeling 3.1.5.4 vir afronding van PPv om PP te bepaal.

Verwys na Afdeling 3.1.4.3 vir besluite oor toegang tot A3.

Verwys na Afdeling 3.1.6 vir die laai van punte.

### 3.1.5.3 Na afloop van A3

Wanneer gebruik	PPv formules	PPv indien (A2 ≥ 40 of A3 ≥ 40) en alle ander subminima bevredig is	PPv indien enige subminimum nie bevredig is nie
A1, A2 en A3 afgelê	$PPv1 = w_{sp} SP + w_{A1} A1 + w_{A2} A2$ $PPv2 = w_{sp} SP + (1 - w_{sp})(A2+A3)/2$ $PPv3 = w_{sp} SP + w_{A1} A1 + w_{A2} A3$ $PPvmx = \max(PPv1, PPv2, PPv3)$	PPv = min(50, PPvmx)**	PPv = min(45, PPvmx)
A2 en A3 afgelê, maar nie A1 nie*	$PPv2 = w_{sp} SP + (1 - w_{sp})(A2+A3)/2$	PPv = PPv2	PPv = min(45, PPv2)
A1 en A3 afgelê, maar nie A2* nie	$PPv3 = w_{sp} SP + w_{A1} A1 + w_{A2} A3$	PPv = PPv3	PPv = min(45, PPv3)
A1 en A2 afgelê, maar nie A3 nie, alhoewel student toegang tot A3 verleen is	PP soos bereken na A2 word behou	PP soos bereken na A2 word behou	PP soos bereken na A2 word behou
Minder as twee van A1, A2 en A3 afgelê		geen PP	geen PP

\* In 'n berekening kan 0 aan die ontbrekende assessering toegeken word en dit verder hanteer word soos wanneer studente al drie hoofassesserings afgelê het.

\*\* Ook vir studente wat A3 moes skryf omdat hulle nie 'n subminimum in A2 bevredig het nie.

Verwys na Afdeling 3.1.5.4 vir afronding van PPv om PP te bepaal.

Verwys na Afdeling 3.1.6 vir die laai van punte.

### 3.1.5.4 Afronding van PP

PPv word normaalweg soos volg afgerond om PP te bepaal:

Wanneer gebruik	PP
PPv=74	Assessor(e) en interne moderator(e) pleeg oorleg en ken toe óf PP=75 óf PP=73
PPv ≥ 50, maar PPv≠74	PP = PPv, afgerond tot heelgetal
$42.5 \leq PPv < 50$	PP = 45
$40 \leq PPv < 42.5$	PP = 40
PPv < 40	PP = minimum(PPv, 35), afgerond tot heelgetal

### 3.1.6 Bekendmaking en laai van punte

Prestasiepunte mag nie deur dosente of departemente direk aan studente, beursgewers, ouers of ander derde partye bekendgemaak word nie, soos gebruiklik vir alle vorme van assessering. A2 en A3 se resultate word daarom nie aan studente bekendgemaak nie.

### 3.1.6.1 Voor A2

- Die punte behaal in A1 word normaalweg binne drie weke na die assessering bekendgemaak op SUNLearn of 'n soortgelyke wyse.
- Die semesterpunt (SP) moet aan studente bekendgemaak word op SUNLearn of 'n soortgelyke wyse. Die punte moet ten minste vyf dae (Sondae uitgesluit) voor A2 bekendgemaak word, maar nie noodwendig voor die laaste dag waarop klaspunte bekendgemaak moet word nie.
- SP word nie op die sentrale puntestelsel gelaai nie.
- A1 word op die sentrale puntestelsel gelaai as vroeë-assesseringspunt.

### 3.1.6.2 Na afloop van A2 en voor A3

Verwys asseblief ook na Afdeling 3.1.4.3 vir bepaling van toelating tot A3, Afdeling 3.1.5.2 vir die berekening van die prestasiepunt (PP) en Afdeling 3.1.7 vir studente se toegang tot gemerkte antwoordstelle.

A2 se punte word bekendgemaak slegs vir studente wat nie A1 afgelê het nie, deur die punte op SUNLearn te plaas, of soortgelyke wyse. A2 se punte vir ander studente word nie aan studente bekendgemaak nie<sup>2</sup>. (Aanbeveling: sit by die kennisgewing van A2 se punte 'n verwysing na hierdie paragraaf en 'n nota dat dosente geen navrae oor A2 se punte sal beantwoord nie).

Keerdatum: Die onderstaande uitslae moet so vroeg as redelik moontlik op die sentrale puntestelsel gelaai en gefinaliseer word, maar nie later nie as:

- verkieslik vyf, maar ten minste drie, dae (Sondae en openbare vakansiedae uitgesluit) voor A3; en
- die laaste dag waarop prestasiepunte van die eerste eksamengeleentheid gelaai moet word.

Die uitslae moet as finaal op die puntestelsel gemerk word nadat punte en kodes gelaai is, sodat studente via die gewone kanale (soos my.sun.ac.za) toegang tot hul resultate verkry. Let daarop dat studente wat uitstaande balanse op hul studenterekenings het, nie hul prestasiepunte op die web portaal kan sien nie, maar hulle sal wel kan sien indien hulle toegang tot A3 het.

Die uitslae word mbv 'n CSV-lêer gelaai, waarin drie kolomme voorkom: studente nommer, prestasiepunt en kode-nommer. Die prestasiepunte en kode-nommers word soos volg bepaal:

---

2 Omdat prestasiepunte nie deur departemente bekendgemaak mag word nie

Wanneer gebruik	Toelaatbare PP (bereken volgens Afdeling 3.1.5.4)	Kode-nommer	Opmerking op student se rekord
Student slaag na A2 (beide A1 en A2 afgelê)	PP≥50	geen kode gelaai nie; stelsel skep kode outomaties	"Slaag" of "Slaag met onderskeiding"
Student het 0<PP≤45 na A2 (beide A1 en A2 afgelê) en verkry toegang tot A3	0<PP≤45	78	Verdere assessering toegelaat
Student het 0<PP≤45 na A2 (beide A1 en A2 afgelê) en het nie toegang tot A3 nie*	0<PP≤45 <sup>3</sup>	60	Sak
Student het nie A1 geskryf nie, maar het toegang tot A2 gehad en het dit geskryf	0 (dui aan: geen PP gelaai nie)	78	Verdere assessering toegelaat
Student het A1 geskryf en het toegang tot A2 gehad, maar het nie A2 geskryf nie, en het toegang tot A3	0 (dui aan: geen PP gelaai nie)	78	Verdere assessering toegelaat
Student het nie toegang tot A3 nie, en het nie A1 of A2 nie afgelê nie	0 (dui aan: geen PP gelaai nie)	26	Module onvoltooid

\* Byvoorbeeld, omdat 'n subminimum tydens die semester nie behaal is nie, wat ook nie in A3 behaal kan word nie,

### 3.1.6.3 Na afloop van A3

Die punte van A3 word nie aan studente bekendgemaak nie. Verwys na Afdeling 3.1.7 vir studente se toegang tot gemerkte antwoordstelle.

Die onderstaande uitslae moet so vroeg as redelik moontlik op die sentrale puntstelsel gelaai, maar nie later nie as die laaste dag waarop prestasiepunte van die tweede eksamengeleentheid gelaai moet word.

Die Fakulteitsadministrateur moet versoek word om die puntelys vir die module oop te stel. Slegs studente aan wie wel toegang tot A3 verleen is, se uitslae word gelaai. Die uitslae word mbv 'n CSV-lêer gelaai, waarin drie kolomme voorkom: studente nommer, prestasiepunt en kode-nommer. Die prestasiepunte en kode-nommers word soos volg bepaal:

Wanneer gebruik	Toelaatbare PP (bereken volgens Afdeling 3.1.5.3)	Kode-nommer	Opmerking op student se rekord
Student slaag na A3 (ten minste twee van A1, A2 en A3 afgelê)	PP≥50	geen kode gelaai nie; stelsel skep kode outomaties	"Slaag" of "Slaag met onderskeiding"
Student het 0<PP≤45 na A3 (ten minste twee van A1, A2 en A3 afgelê)	0<PP≤45	60	Sak
Student het nie 'n geldige PP verwerf nie (een of geen van A1, A2 en A3 afgelê)	0 (dui aan: geen PP gelaai nie)	26	Module onvoltooid

Nadat die uitslae gelaai is, word dit as finaal op die puntstelsel gemerk. Alle prestasiepunte word egter as voorlopig beskou tot die dag waarop prestasiepunte gefinaliseer moet wees (soos aangedui in die Universiteit se jaarprogram), aangesien dit nog onderhewig is aan

<sup>3</sup> Indien 'n student met PP≤45 nie toegelaat word om A3 te skryf nie (as gevolg van die uitsonderings in Afdeling 3.1.4.3), dan word sy/haar prestasiepunt wat volgens Afdeling 3.1.5 bereken is, gelaai sonder om dit verder te verminder.

bevestiging deur eksterne moderering (in sommige gevalle) en 'n departementele puntevergadering. Indien prestasiepunte gewysig word deur eksterne moderering of 'n puntevergadering, moet die aanpassing van die punte op die puntestelsel in oorleg met die Fakulteitsadministrateur gereël word.

### 3.1.7 Toegang tot en bewaring van gemerkte antwoordstelle

Studente sal normaalweg A1 se gemerkte antwoordstelle terugontvang wanneer daardie punte bekendgemaak word, tensy A1 onderhewig is aan eksterne moderering of A1 se antwoordstelle bewaar moet word vir ECSA akkreditasie.

Studente se toegang tot A2 en A3 se gemerkte antwoordstelle word hanteer soos vir eerste en tweede eksamenantwoordstelle, onderskeidelik (verwys na die afdeling "Bespreking van Nagesiene Antwoordskrifte met Dosente gedurende Eksamentydperke" in die Jaarboek Deel 1). Benewens die reëlings wat in die Jaarboek Deel 1 gegee word, geld die volgende standaardreëlings in die Fakulteit Ingenieurswese (lesings mag van hierdie reëlings afwyk indien vooraf goedkeuring deur die departementele voorsitter verkry is):

- Dosente mag, maar word nie verplig nie, om die punte vir A2 en A3 op SUNLearn te plaas na die laaste dag wat vir die indiening van prestasiepunte gestel is nie.
- Studente moet die dosent in kennis stel teen die Woensdag van die eerste week van die semester van sy/haar voorneme om sy/haar gemerkte A2 en/of A3 antwoordstel van die vorige semester te sien.
- Een middag in die periode vanaf die eerste tot die tweede Woensdag van die semester (beide Woensdae ingesluit), kan aangewys en aangekondig word op SUNLearn (of 'n soortgelyke manier) vir studente om hul gemerkte A2 en A3- antwoordstelle van die vorige semester te sien.
- 'n Vraestel moet beskikbaar wees vir studente om te raadpleeg wanneer hulle hul A2 of A3 antwoordstel sien. Geen memoranda word vir die assesserings verskaf nie.
- Elke student mag slegs sy/haar eie gemerkte antwoordstelle sien.
- Studente word nie toegelaat om hul gemerkte antwoordstelle of die vraestel te fotografeer wanneer hulle hul gemerkte antwoordstelle sien nie.
- Studente mag spesifieke vrae oor hul gemerkte skrifte vra om 'n idee te kry van waar hulle foute begaan het, maar dosente moet nie die toekenning van punte bespreek nie.

In sommige gevalle moet gemerkte antwoordstelle bewaar word vir ECSA akkreditasie. Andersins moet dosente die antwoordstelle vir ten minste een semester na afloop van die assesserings bewaar, tensy studente dit terugontvang het.

### 3.1.8 Subminima

Indien 'n student minder as 40 in A2 en A3 behaal het, dan moet sy/haar PP 45 of minder wees. Met ander woorde, 'n student moet ten minste 40 in A2 of A3 behaal om die module te slaag.

Verdere subminima, wat voldoen aan die beginsels wat in Afdeling 2 gestel is, mag in 'n module toegepas word. Hierdie subminima sluit in die behaling van enige ECSA eienskappe van graduandi wat in die module geassesseer word. Al die module-spesifieke subminima

(dws subminima wat nie in hierdie dokument gespesifiseer word nie) moet in die module-raamwerk van die betrokke module uiteengesit word.

### 3.1.9 Verstek tydsduur van assesserings

Die verstek tydsduur vir die hoofassesserings, indien SP se bydrae tot PP 20% of minder is, is: A1: 2 uur, A2: 3 uur en A3: 3 uur. Indien SP se bydrae groter is, kan die tydsduur vir A1, A2 en A3 tussen 1,5 en 3 ure per geleentheid varieer, na gelang van die geaardheid van die module en onderhewig aan die beginsels in Afdeling 2.

### 3.1.10 Werk gedek per assessering

A1 dek natuurlik die werk wat voor die toetsweek behandel is. A2 dek normaalweg die werk van die hele semester, maar met die klem op die werk wat na die toetsweek behandel is. A3 dek óf die hele semester se werk min of meer eweredig, óf lê meer klem op die werk na die toetsweek, nagelang van die geaardheid van die module.

### 3.1.11 Voorvereistes

'n Gewone voorvereiste word bevredig met Buigsame Assessering indien  $PP \geq 40$ . Slaagvoorvereistes word bevredig met Buigsame Assessering indien  $PP \geq 50$ .

### 3.1.12 Moderering

Enige assessering wat 20% of meer tot die PP bydra, asook A1, A2 en A3 moet intern gemodereer word. Alle assesserings wat gebruik word om subminima te bevredig, moet intern gemodereer word. Wat eksterne gemoderering betref, verwys asseblief na die Fakulteit se Reglement vir Interne en Eksterne Moderering.

### 3.1.13 Herhalers

Verwys asseblief na Afdeling 12 van hierdie reglement.

### 3.1.14 Roosters

Wanneer A1, A2 en A3 in die toetsweek of eksamenperiodes afgelê moet word, word hul skedulering in die jaar vooraf, saam met die gewone toets- en eksamenroosters, vasgestel.

### 3.1.15 Assesserings wat meer as een vraestel beslaan

Indien 'n hoofassessering (A1, A2 of A3) meer as een vraestel beslaan wat in meer as een roostergleuf geskryf word, moet 'n student al die vraestelle van die assessering voltooi voordat die student 'n punt vir daardie assessering verwerf het.

### 3.1.16 Afwykings van die normale beperkings

Die Programkomitee mag versoeke oorweeg en goedkeur om af te wyk van beperkings in bogenoemde reëls in 'n spesifieke module, met motivering gebaseer op die beginsels van effektiewe assessering (verwys na Afdeling 2). Enige sodanige afwyking moet eksplisiet in die betrokke module-raamwerk uiteengesit word.

### 3.1.17 Kopiereg op vraestelle

Alle vraestelle vir hoof summatiewe assesserings moet normaalweg die volgende stelling (met die jaar verander na die huidige) in die voetskrif van die voorblad insluit:

Kopiereg © 2019 Stellenbosch Universiteit. Alle regte voorbehou

### 3.1.18 Aansoeke vir her-evaluering of herberekening van prestasiepunte

Die vereistes, keerdatuss en prosedures wat in hierdie verband in Deel 1 van die Jaarboek gegee word vir modules wat buigsame assessering gebruik, geld ook in die Ingenieursfakulteit. Verder, in die Ingenieursfakulteit word sulke aansoeke eers hanteer nadat die prestasiepunte na A3 vrygestel is. Met ander woorde, sulke aansoeke sal nie hanteer word voordat A3 geskryf is nie.

## 3.2 **Projekevaluering**

Die Fakulteit Ingenieurswese se programme beskik oor sekere tipes modules waar die student se prestasie grootliks bepaal word deur sy/haar vermoë om 'n samehangende finale produk aan die einde van 'n omvangryke projek te sintetiseer. Die assesseringsmetodes vir die Fakulteit Ingenieurswese sluit dus Projekevaluering in.

Projekevaluering word toegepas in modules soos die finalejaar projekte of gevorderde ontwerp. Die universiteit se assesseringsbeleid kan in hierdie modules nie direk toegepas word nie, omdat hulle enkele assesseringsgeleentheid aansienlik meer as 50% tot die finale prestasiepunt kan bydra. Tipies word die finale prestasiepunt van sulke modules bepaal deur 'n kombinasie van die evaluering van 'n projekverslag, 'n mondelinge voordrag en 'n plakkaat-aanbieding. Die bydrae van die afsonderlike komponente tot die prestasiepunt vir Projekevaluering word deur die module se tuisdepartemente bepaal en in die module-raamwerk aan die begin van die semester aan die studente bekend gemaak. Slegs die finale prestasiepunt word op die US puntstelsel gelaai.

Die hoofassessering(s) van 'n module wat Projekevaluering gebruik, is aan interne moderering onderworpe. Wat eksterne gemoderering betref, verwys asseblief na die Fakulteit se Reglement vir Interne en Eksterne Moderering.

## 3.3 **Bevredigende bywoning**

In die Fakulteit Ingenieurswese word die assesseringsmetode van bevredigende bywoning gebruik in die geval van sekere modules wat geen kredietwaardes het nie, maar vereis word vir die toekenning van die graad. Voorbeelde hiervan is die Vakansiewerk en die Prakties in die Werkswinkel.

## 3.4 **Deurlopende evaluering**

Die huidige deurlopende evaluering opsie word behou vir daardie modules dit meer gepas as die ander assesseringsmetodes is.

## 4 **ECSA Eienskappe van Graduandi en ECSA kennisareas**

Die Ingenieursraad van Suid-Afrika (ECSA) het voorheen die term "Uittreevlakuitkomst" (in Engels afgekort ELOs) gebruik vir wat nou Eienskappe van Graduandi (in Engels afgekort GAs) genoem word.

#### **4.1 GA Assesseringswerkswinkels**

Voor die aanvang van elke semester sal 'n werkswinkel in die Fakulteit gehou word oor die assessering van eienskappe van graduandi (GA's). Dit word verwag van doserende personeel betrokke by die assessering van GA's om hierdie werkswinkel by te woon, sodat konsekwente gehalte ontwikkel kan word vir GA assesserings.

#### **4.2 Algemene subminima en prestasiepunt maksima geassosieer met GA's**

'n Subminimum punt van 50 word op alle assesseringselemente (betrokke vrae in 'n assessering, projek of taak) waarin die bevrediging van ECSA GA's final (vir die betrokke module) getoets word, vereis. Subminima mag ook vereis word in spesifieke assesserings wat kritieke kennisareas, soos deur ECSA vereis, toets. 'n Prestasiepunt van 45 of minder word aan 'n student toegeken indien ECSA GA's in die betrokke module geassosieer word en die student een of meer van die ECSA GA's nie bevredig het nie.

#### **4.3 Moderering van GA-assesserings**

Volgens die Fakulteit se Reglement vir Interne en Eksterne Moderering moet alle assesserings van ECSA GA's ekstern gemodereer word. In die geval van die buigsame assesseringsmetode beteken dit dat, tensy die toepaslike assessering tydens die semester ook ekstern gemodereer word, ECSA GA's normaalweg slegs in hoofassesseringsgeleenthede 2 en 3 getoets word.

#### **4.4 GA-assesseringsrubrieke**

Konvensionele rubrieke of vereenvoudigde rubrieke (soos hieronder beskryf) moet normaalweg gebruik word om die bevrediging van GA's te bepaal, met die volgende bepalings:

- a) Beide tipes rubriek moet tipies voorsiening maak vir ten minste vier vlakke van 'n uitkoms te bevredig:
  - versuim om die uitkoms te bevredig,
  - nouliks versuim om die uitkoms te bevredig,
  - die uitkoms nouliks bevredig, en
  - die uitkoms bevredig.
- b) 'n Punt skaal mag in die rubriek ingesluit word (maar dit word nie vereis nie) met 'n punt van minder as 50% vir enige vlak wat nie die GA bevredig nie.
- c) 'n Konvensionele rubriek moet die prestasie wat met elke vlak van prestasie geassosieer word, beskryf.
- d) 'n Vereenvoudigde rubriek moet die volgende struktuur gebruik:



GAxxx: Die student moet toon dat hy/sy die vermoë het om, teen die vlak verwag van 'n onlangse gegradueerde:			
<ul style="list-style-type: none"> <li>• ...</li> <li>• ...</li> <li>• ...</li> </ul>			
Student slaag nie daar om die kriteria hierbo, as 'n geheel geneem, te bevredig nie		Student slaag daar om die kriteria hierbo, as 'n geheel geneem, te bevredig	
Nie bevredig nie (F)*	Nouliks nie bevredig nie (FM)*	Nouliks bevredig (PM)*	Bevredig (P)*
* Merk toepaslike blok op rubriek wat by antwoordstel aangeheg is of teken afkorting aan op antwoordstel			

e) Indien meer as een GA in 'n bepaalde assessering geassesseer word:

- Die rubriek moet afsonderlike beskrywings hê vir elke GA.
- Indien punte met die rubriek geassosieer word, kan die gewig van die verskillende GA's verskil om die relatiewe beklemtonings in die betrokke module aan te dui. Hierdie punte mag gekombineer word om 'n algehele punt te bepaal.
- Indien 'n student nie voldoen aan enige van die GA's wat in 'n module geassesseer is nie, moet die student se finale punt vir die **module** 45 of minder wees, na oorweging van die volgende paragraaf.

f) Wanneer 'n merkskema vir assessering gebruik word, en die merkskema nou bely is met die assesseringskriteria vir 'n GA, kan die punt wat deur die merkskema bepaal word, gebruik word as 'n benaderde aanduiding van 'n student se bevrediging van die GA. Wanneer 'n student se punt onder 55% en bo 45% is, moet die eksaminatore en moderatore omsigtig oordeel of die GA marginaal bevredig is of nie. Die student se punt wat deur die merkskema bepaal is, moet aangepas word, indien nodig, sodat 'n punt van 50 of meer slegs toegeken word indien die GA bevredig is.

#### 4.5 GA's geassesseer in meervoudige assesseringsgeleenthede in een module

Indien 'n module 'n GA in meer as een assesseringsgeleentheid assesseer<sup>4</sup>, moet die module-raamwerk spesifiseer hoe die verskillende gevalle gekombineer sal word om vas te stel of 'n student die GA bevredig het. 'n Algemene beginsel wat hier toegepas word, is dat 'n student meer as een assesseringsgeleentheid in die module moet kry om die GA te bevredig. Tipiese alternatiewe benaderings is:

- Elke student moet die GA bevredig in spesifieke assesseringsgeleenthede vir die betrokke GA tot, en moontlik met, A2. Indien 'n student nie die GA bevredig het na voltooiing van A2 nie, maar andersins die module geslaag het, moet die student die geleentheid hê om die GA in A3 te bevredig.
- Elke student moet toon dat hy sy die GA bevredig het in verskeie assesseringsgeleenthede, met oorweging van die kombinasie van assesserings as 'n geheel. Indien die student terugvoering ontvang het oor sy/haar prestasie na elke assesseringsgeleentheid en kan verbeter in die latere assesseringsgeleenthede, hoef die student nie die geleentheid te kry om die GA in A3 te bevredig nie.

<sup>4</sup> Let daarop dat elke assesseringsgeleentheid ekstern gemodereer moet word

Indien A3 enige GA's beoordeel, dan oorheers die assesserings in A3 alle vorige assesserings vir daardie GA's in daardie module oorskry, tensy die module-raamwerk uitdruklik 'n ander reëling gee. Byvoorbeeld, indien 'n student in A1 'n gegewe uitkomstlakuitskoms bevredig het, maar nie in A3 waar dieselfde GA geassesseer word nie, word die student geag nie die GA te bevredig nie.

#### **4.6 GA assessering rekordhouding**

- a) Die Fakulteit se standaardtemplaat vir module-raamwerke bevat 'n afdeling waar die assessering van GA's uiteengesit word. In hierdie afdeling, onder die vraag "Wat is bevredigende prestasie", moet slegs 'n verwysing na die konvensionele of vereenvoudigde rubriek gegee word. Die betrokke rubriek moet deel vorm van die module raamwerk. Die inligting in die rubriek moet nie verander of herhaal word in die afdeling wat GA-assesserings uiteensit nie, om te voorkom dat teenstrydige inligting gegee word. In die selfstudieverlag wat voorberei word vir akkreditasiebesoeke, moet die gebruiklike tabel waar die GA-assesserings opgesom word, die ooreenstemmende gedeelte van die moduleraamwerke dupliseer, met behoud van die verwysing na die rubrieke. Die rubrieke moet by die tabel aangeheg word.
- b) Rekords moet gehou word wat toon dat elke student deur die eksaminator(e) individueel geassesseer is. Hierdie rekords sal tipies die assesseringsrubrieke vir elke student wees of 'n GA-assesseringspunt wat op die voorblad van die betrokke assessering geskryf is.
- c) Rekords moet gehou word wat toon dat die moderatore 'n gestratifiseerde steekproef soos voorgeskryf in die Fakulteit se Modereringsreëls beoordeel het, met besondere aandag aan studente naby die drempel van aanvaarding. Hierdie rekords kan tipies die moderator se kommentaar wees wat op 'n puntetaat aangeteken is of geskryf is in 'n groen pen op die voorblad van die studente se assesserings.
- d) Die GA-assesseringuitslae moet afsonderlik in die module se puntetabel vir elke student vir elke GA aangeteken word. Die rekord moet die moderators toelaat om te bepaal watter studente naby drempel van bevrediging vir elke GA is. Indien die vereenvoudigde rubriek vir die GA-assessering gebruik word, kan die afkortings wat hierbo gegee word (F, FM, PM, P) in die puntetaat ingesluit word.
- e) In situasies wanneer 'n vroeër bevredig/nie-bevredig besluit omgekeer word, moet die motivering vir die omkering op die puntetaat of by die betrokke student se rubriek aangeteken word. Voorbeelde van hierdie situasies is in finalejaarsprojekte waar 'n voorlopige GA-assessering na 'n mondelinge eksamen verander kan word of waar 'n interne/eksterne moderator se besluit verskil van die wat deur die eksaminator aangeteken is.
- f) Vir akkrediteringsdoeleindes moet die assesseringsproduk (bv. skrif of verslag) wat die GA assesseringsbesluit staaf, beskikbaar bly. Indien 'n finalejaarprojek, op grond van die verslag alleen, 'n GA-assessering sou gesak het, maar geslaag word op grond van 'n mondelinge aanbieding, moet die student 'n addendum skryf wat die belangrikste elemente van die mondelinge aanbieding opsom of die verslag hersien.

## 5 Subminima en Geleenthede ter verbetering

Subminima kan op sekere aspekte van 'n module se assesserings (meestal summatiewe assesserings) vereis word om 'n module te slaag, in ooreenstemming met die beginsels in Afdeling 2. Tipiese motiverings vir subminima is:

- Die bevredigende voorbereiding vir en bywoning van 'n prakties;
- Die behaling van 'n ECSA GA;
- Die behaling van 'n sekere drempel eweknie-evaluering in spanwerk;
- Die behaling van 'n gekombineerde punt van ten minste 40 in die assesserings van 'n beduidende deel van 'n module, om te verseker dat studente die nodige voorkennis het vir modules wat op die betrokke een volg.

Indien 'n student enige subminimum in 'n module nie bevredig het nie, moet 'n prestasiepunt van 45 of minder aan die student toegeken word, behalwe in die volgende gevalle: Indien 'n 40 subminimum ingestel is t.w.v. voorkennis vir verdere modules (die vierde kol hierbo), dan mag studente se prestasiepunte wat nie die subminimum haal nie, beperk word tot 35 of minder. Die Departementele Voorsitter van die module se tuisdepartement moet toestemming verleen om die subminimum soos in laasgenoemde gevalle, toe te pas.

Indien die behaling van 'n subminimum op slegs een assessering (verder genoem die "oorspronklike assessering") berus, dan moet die studente wat nie die subminimum in daardie assessering bevredig het nie, maar andersins die module sou geslaag het, een addisionele assesseringsgeleentheid gegee word om die subminimum te bevredig, behalwe vir die gevalle hieronder genoem. Die addisionele assesseringsgeleentheid hoef nie dieselfde formaat as die oorspronklike assessering in te neem nie en kan die vorm van 'n mondelinge assessering, toets of werkstuk inneem, volgens die prerogatief van die dosent verantwoordelik vir die module. Indien 'n student die addisionele assesseringsgeleentheid wat aangebied word om 'n subminimum te bevredig, misloop (ongeach die rede, hetsy siekte of 'n ander geldige verskoning), dan het die student geen aanspraak op enige verdere addisionele assesseringsgeleenthede nie.

'n Student het geen aanspraak op addisionele assesseringsgeleenthede in die volgende gevalle nie: finalejaarsprojekte, ontwerpprojekte wat meer as 5 krediete se werk verteenwoordig, praktika, groepprojekte, eweknie-evaluering in spanwerk en assesserings (tipies werkstukke) wat oor 'n periode van drie of meer weke gedoen kan word.

Die resultate behaal in die voorgenoemde addisionele assesseringsgeleenthede word normaalweg nie in aanmerking geneem in die berekening van die prestasiepunt nie, behalwe vir die bevrediging van die subminimum.

Indien die oorspronklike assessering, onderhewig was aan eksterne moderering, dan moet die addisionele assessering ook ekstern gemodereer word. Die addisionele assessering moet in alle gevalle intern gemodereer word. Indien die betrokke subminimum ingestel is vir 'n ECSA GA, dan moet die eksterne modereerder die assessering van elke student wat die module slaag na verbetering, modereer en die uitslag skriftelik bevestig.

Die subminima wat in 'n module toegepas gaan word en watter prestasie 'n student moet haal om dit te bevredig, asook die geleenthede wat ter verbetering gegee sal word, moet in

die betrokke module-raamwerk uiteengesit word en aan die begin van die semester aan die studente beskikbaar gestel word.

## **6 Mondelinge Assesserings**

Mondelinge assesserings mag gebruik word waar dit in ooreenstemming is met die beginsels in Afdeling 2. In alle mondelinge assesserings moet daar ten minste twee dosente teenwoordig wees (normaalweg die eksaminator en interne moderator). Indien die betrokke assessering aan eksterne moderering onderworpe is, dan moet die eksterne moderator dieselfde geleentheid gegee word om die assessering te modereer, as wat hy/sy sou gehad het indien die assessering skriftelik afgelê is.

## **7 Assesserings van Groep- of Spanwerk**

Die ontwikkeling van studente se vermoë om in spanne te werk, is 'n belangrike deel van die Fakulteit se voorgraadse programme. Daar is ook verwante ECSA GA's wat elke student moet demonstreer. Aangesien 'n individuele student se punt deur 'n span se werk beïnvloed word, moet die maatreëls in hierdie afdeling normaalweg toegepas word. Uitsonderings op hierdie maatreëls moet in oorleg met die Departementele Voorsitter besluit word.

Hierdie afdeling het nie betrekking op assesserings waar studente in spanne werk, maar steeds individuele asseeserprodukte lewer nie (byvoorbeeld waar studente saam werk in praktika, maar elke student sy/haar eie praktikumverslag opstel).

### **7.1 Span-indelings**

Wanneer die span se samestelling 'n deel van die assessering uitmaak (byvoorbeeld wanneer multidissiplinêre spanwerk geassesseer word), dan moet die spanindeling deur die module se dosent gedoen word. In ander gevalle mag die dosent, volgens eie diskresie, die spanne self indeel of die studente toelaat om hul eie spanne te vorm.

Ongeag hoe die spanindelings gedoen word, behou die dosent steeds die reg om die spanindeling te wysig, onder andere om voorsiening te maak vir studente wat staak of vir die module registreer nadat die spanne ingedeel is.

Die dosent, in oorleg met die module se interne moderator en/of Departementele Voorsitter, mag tydens die verloop van die opdrag waaraan die span werk, 'n student van 'n span onttrek omdat die student nie redelik tot die span se werk en funksionering bygedra het nie. So 'n onttrekking sal normaalweg oorweeg word nadat die betrokke student ten minste een maal gewaarsku is en die geleentheid gegee is om te verbeter. Die onttrekking mag daartoe lei dat die student nie die betrokke taakopdrag kan voltooi nie en die module sal sak.

### **7.2 Wisselende spangroottes**

Indien die spanne in 'n module nie almal dieselfde grootte is nie (byvoorbeeld vanweë die laat registrasie of staking van spanlede, of omdat die aantal studente in die module nie deelbaar is met die spangrootte nie), dan moet die dosent die werkslading per student in daardie groepe in heroorweging neem en, waar nodig, aan die betrokke spanne toegewings maak in terme van die werkopdrag of assesseringskriteria. Voorbeelde van toegewings is om die betrokke spanne se werkomvang kleiner te maak of die vlak van detail vereis in sekere dele van die werkopdrag te verminder.

### **7.3 Pligte en verantwoordelikhede van studente t.o.v. spanwerk**

Verwys asseblief na die betrokke afdeling in die Fakulteit se "Algemene Bepalings vir Voorgraadse Modules".

### **7.4 Eweknie-evaluering**

In modules waar meer as 25% van die prestasiepunt bepaal word deur assesserings wat in spanverband gedoen is, of waar ECSA GA's by wyse van spanwerk geassesseer word, moet die spanlede almal die geleentheid gegee word om al die spanlede (hulself ingesluit) se bydrae te evalueer, by wyse van eweknie-evaluering. Die betrokke dosente mag besluit om die evaluering van 'n student vir hom-/haarself te gebruik of buite rekening te laat. Die individuele spanlid se punt vir die betrokke assessering word dan bepaal deur die groep se punt vir die opdragte op 'n sinvolle manier te kombineer met die eweknie-evaluering. Byvoorbeeld, indien die eweknie-evaluering van elke groep genormaliseer word sodat die gemiddeld van die groep se waardes 100% is, dan kan die groep se punt vir die assesserings met die eweknie-evaluering vermenigvuldig word om die individuele studente se punte te bepaal.

Die eweknie-evaluering moet vertroulik gedoen word en die punte wat een spanlid vir ander spanlede gegee het, moet vertroulik bly. Met ander woorde, die spanlede mag nie mekaar se individuele bydraes sien nie.

Die gekombineerde punt vir elke student se eweknie-evaluering, dit wil sê die punt of faktor wat gebruik sal word om die student se individuele punt te bepaal, moet betyds bekend gemaak word sodat studente die geleentheid kan kry om appèl aan te teken en die betrokke dosente die appèl kan oorweeg.

Tensy 'n alternatiewe reëling deur die Fakulteitsraad goedgekeur is, moet elke span in die volgende gevalle by ten minste twee gepaste geleenthede tydens die projek eweknie-evaluering doen, sodat elke student 'n geleentheid kry om te verbeter indien sy/haar bydrae tot die spanwerk aanvanklik nie bevredigend was nie:

- Indien die eweknie-evaluering gebruik word om 'n ECSA GA te assesseer;
- Indien daar 'n subminimum van 45 of meer op die betrokke assessering is;
- Indien daar 'n subminimum op die eweknie-evaluering is.

Indien 'n student aanvanklik 'n swak eweknie-evaluering ontvang het, maar by latere geleenthede beter gevaar het, dan mag (volgens die diskresie van dosent) die behaling van die subminima hoofsaaklik op die laaste eweknie-evaluering berus, maar die berekening van die student se punt op al die eweknie-evaluering.

Studente moet in die module-raamwerk of die betrokke taakopdrag ingelig word hoe die eweknie-evaluering in aanmerking geneem sal word in die berekening van die individuele student se punt.

Studente, ook nadat hul teen eweknie-assessering appèl aangeteken het, mag nie met hul groepslede in gesprek tree oor die eweknie-evaluering wat hulle vir mekaar gegee het nie.

## **7.5 Appèl teen en moderering van eweknie-evaluering**

Elke student het die reg om binne sewe dae nadat die resultate van die eweknie-evaluering bekendgemaak is, appèl aan te teken teen sy/haar eweknie-evaluering. Indien 'n student appèl aanteken teen sy/haar eweknie-evaluering, dan sal ten minste twee dosente die betrokke span se eweknie-evaluering modereer, soos hieronder uiteengesit.

Die dosente mag enige van die eweknie-evaluering modereer (met of sonder 'n appèl), wat mag insluit dat hulle die punte tot 'n sekere bereik beperk, dat die evaluering wat spanlede vir hulself gegee het, buiterekening gelaat word, en/of dat hulle verdere inligting van studente inwin om te besluit of 'n spesifieke student se gekombineerde punt geregverdig is. Die inwin van verdere inligting mag insluit om die spanlede te vra om hul eweknie-evaluering verder te motiveer, om onderhoude met die spanlede voer (verkieklik individueel) en/of om die notules van die groep se vergaderings in detail te oorweeg.

Appèlle teen eweknie-evaluering moet deur twee dosente oorweeg word. Indien 'n appèl aangeteken is (ongegag of daar gevolglike aanpassings gemaak is), of indien eweknie-evaluering andersins aangepas word in die modereringsproses, dan moet die betrokke dosente kortliks die prosedure wat gevolg is en die oorwegings wat aanleiding tot die aanpassings gegee het, al dan nie, op rekord stel en daardie rekord bewaar.

## **7.6 Eksterne moderering**

Indien die assesserings waarvoor eweknie-beoordeling gedoen word, aan eksterne moderering onderhewig is, dan moet die volgende, bo en behalwe die inligting in die module-raamwerk, aan die eksterne modereerder voorgelê word vir sy/haar oorweging:

- Die eweknie-evaluering wat deur die studente ingevul is.
- Die berekende eweknie-evalueringresultaat wat gebruik is om individuele studente se punte aan te pas.
- Die rekords van die hantering van enige appèlle en/of enige aanpassings van die eweknie-evaluering tydens die interne modereringsproses.

## **7.7 Keerdatums vir inhandiging**

Studente moet in die module-raamwerk of die betrokke taakopdrag ingelig word wat die keerdatums en -tye is vir die spanwerk se assesseringsprodukte.

Dosente moet voorsorg tref dat keerdatums nie binne toetsweek of reses-periodes val nie, en verkieslik ook nie binne drie dae na 'n reses-periode nie.

## **8 Nabyverwante NGDip (Ing) en MIng (Strukt) Modules**

Die Fakulteit Ingenieurswese en ander fakulteite bied by geleentheid NKR-vlak 8 (7xx) modules vir honneursprogramme en nagraadse diplomas, en NKR-vlak 9 (8xx) modules vir meestersgraadprogramme in modusse met onderrig- en assesseringselemente wat gemeenskaplik is vir die 7xx en 8xx modules.

Die Fakulteit laat studente toe om sodanige 8xx modules as deel van hul 180 krediete in te sluit vir 'n MIng (Strukt), nadat hulle noue verwante 7xx-modules as deel van 'n NGDip (Ing) voltooi het, onderhewig aan die onderstaande beperkings. Die studenteprogram se

tuisdepartement mag verdere beperkings toepas. Die onderstaande beperkings geld nie vir aanvullende studie-modules in MIng (Navorsing) nie, aangesien die aanvullende modules nie bydra tot die 180 krediete wat vir die MIng (Navorsing) vereis word nie.

Die fakulteitswye beperkings en reëlings is:

- g) Hoogstens 60 krediete van die 180 krediete in die MIng (Strukt) mag sodanige verwante modules insluit.
- h) Minstens 40% van die prestasiepunt van die betrokke 8xx-module moet gebaseer word op assesserings wat beduidend verskil van die nouverwante 7xx-module. Die relevante assesserings moet aantoonbaar op NKR-vlak 9 wees. Die assesserings kan in die formaat van groot toetse en/of groot werkstukke wees.
- i) Voordat studente vir sodanige 8xx-modules registreer, benodig hulle die toestemming van hul tuisdepartement om te bevestig dat sodanige registrasie voldoen aan bogenoemde vereistes en enige verdere beperkings wat deur die departement opgelê word.
- j) Om krediet te ontvang vir die 8xx-modules as deel van die 180 krediete wat vir die MIng (Strukt) vereis word, moet studente vir die modules te registreer en die normale fooie wat daarmee gepaard gaan te betaal, ongeag of hulle 'n nouverwante 7xx module geslaag het.
- k) Studente mag aansoek doen om vrystelling van sommige van die 8xx-modules se assesserings. Volgens die diskresie van die betrokke dosent, kan studente sulke vrystellings toegestaan word waar die assesserings wat in die 7xx-modules voltooi is en wat in die 8xx-module vereis word, op 'n ekwivalente vlak is. Ooreenkomstig bogenoemde vereistes kan assesserings wat hoogstens 60% van die finale punt bydra, vrygestel word.

## 9 Dekaaansvergunningseksamen

Benewens die voorskrifte in Deel 1 van die Jaarboek, pas die Fakulteit Ingenieurswese die volgende toe ten opsigte van dekaansvergunningseksamens (DVEs) in voorgraadse programme:

- a) Indien 'n finalejaarstudent na sy/haar laaste normaal geskeduleerde eksamen slegs een module vir die verwerwing van sy/haar graad benodig en gedurende die finalejaar 'n prestasiepunt in die betrokke module verwerf het, kan hy/sy aansoek doen (by die Fakulteitsadministrateur) om 'n DVE in die betrokke module af te lê.
- b) Al die DVEs in die Fakulteit word normaalweg op die Vrydag van die tweede week voor die aanvang van die eerste semester, afdelê.
- c) Studente word net tot 'n DVE toegelaat in 'n module indien hulle aspekte wat met 'n geskrewe of mondelinge assessering gedek kan word, benodig om te slaag. As die student bv verpligte praktika nie voltooi het nie of 'n groepwerk subminimum nie bevredig het nie, sal hulle nie met 'n DVE die module kan slaag nie. Finalejaarprojek-modules kom nie in aanmerking vir DVEs nie.
- d) Om die betrokke module te slaag moet 'n student steeds alle ECSA GA's wat in die module geassesseer word, bevredig.

- e) Vir eksamen-modules, moes die student se klaspunt groter of gelyk aan 40 gewees het en hy/sy moes gedurende die betrokke akademiese jaar 'n prestasiepunt verwerf het, om oorweeg te word vir 'n DVE. In daardie situasies is die DVE ekwivalent aan 'n gewone eksamen en minstens 50 in die DVE word nodig om te slaag.
- f) Om 'n module wat Buigsame Assessering gebruik met 'n DVE te slaag (waar die DVE soortgelyk is aan 'n A3; in buitengewone omstandighede word ander tipes assesserings toegelaat en dan geld hierdie afdeling nie), moet die student, gedurende die betrokke akademiese jaar, in óf assessering 2, óf assessering 3 óf die DVE 'n punt van 40 behaal het, asook aan een van die volgende twee voorwaardes voldoen:
- Die student se prestasiepunt voor die DVE was 40 of meer en hy/sy behaal 50 of meer in die DVE;
  - Die student se prestasiepunt voor die DVE was minder as 40, en 'n nuwe prestasiepunt van 50 of meer word behaal, waar die nuwe prestasiepunt bereken word met die module se toepaslike wegingsformule (om die semesterpunt en twee assesserings te kombineer) waarin die DVE saam met die beste van die vorige hoof-assesserings wat die student afgelê het, gebruik word.
- g) DVEs word normaalweg nie oorweeg vir projekevaluering of werkstuk-assesserings nie.
- h) Die nuwe prestasiepunt na die DVE mag nie hoër as 50 wees nie. Indien die student nie op grond van die DVE slaag nie, dan word sy/haar prestasiepunt nie aangepas nie en bly onveranderd.
- i) Alle DVEs is onderworpe aan interne moderering, volgens die voorskrifte van die Universiteit se beleid. Die assessering van enige ECSA GA's in die DVE moet ekstern gemodereer word. Indien die DVE 'n assessering vervang wat ekstern gemodereer is, dan moet die DVE se vraestel voor die DVE en die antwoordstelle daarna ekstern gemodereer word.
- j) Die DVE se lengte en geaardheid moet soortgelyk wees aan 'n eksamenvraestel (vir eksamenmodules), of derde assessering (vir buigsame assesseringsmodules). Alternatiewelik, indien die betrokke dosente dit verkies, mag die DVE in die vorm van 'n mondelinge assessering afgeneem word. Ten minste twee dosente (normaalweg die eksaminator en interne moderator) moet teenwoordig wees by die mondelinge assessering. Indien die assessering aan eksterne moderering onderwerp moet word, dan moet die eksterne moderator ook die mondelinge assessering waarneem (dit mag by wyse van telefoonverbinding wees) en skriftelik/per epos sy/haar steun vir die uitslag bevestig.

## **10 Verantwoordelikhede met betrekking tot die Implementering van die Asseseringsbeleid**

### **10.1 Verantwoordelikhede van die student**

Die student

- verseker dat hy/sy op hoogte is van die reëls en regulasies aangaande assessering soos vervat in Deel 1 van die Jaarboek;



- verseker dat hy/sy op hoogte is met die bepalings wat betrekking het op die assessering in 'n spesifieke module soos vervat in die module-raamwerk; en
- verbind hom-/haarself daartoe om 'n eerlike en pligsgetroue poging aan te wend in assesseringstake.

## **10.2 Verantwoordelikhede van die assessor (die dosent)**

Die assessor

- verseker dat hy/sy op hoogte is van die reëls en regulasies aangaande assessering soos vervat in Deel 1 van die Jaarboek;
- verseker dat hy/sy vertrouwd is met die bepalings van hierdie reglement en enige ondergeskikte dokumente wat betrekking het op assessering in die spesifieke konteks;
- wend 'n doelbewuste poging aan om die kriteria vir effektiewe assessering in hul eie konteks toe te pas;
- verseker dat alle inligting oor hoe assessering in die module gaan verloop in die module-raamwerk aan studente bekend gemaak word; en
- neem, in samewerking met die Departementele Voorsitter en die Programkoördineerder, verantwoordelikheid vir sy/haar eie ontwikkeling en/of opleiding in assesserings-vaardighede.

## **10.3 Verantwoordelikhede van die Fakulteit**

Die Fakulteit Ingenieurswese verseker, deur middel van sy Programkomitee, dat die vereistes en bepalings van hierdie reglement volgens die US assesseringsbeleid en -praktyke, en die unieke kontekste van die ECSA voorskrifte vir assessering, geïnterpreteer en van toepassing gemaak word, asook dat dit in die assesseringspraktyke binne die Fakulteit gerealiseer word.

Die Programkomitee van die Fakulteit Ingenieurswese is spesifiek verantwoordelik vir die

- vertolking van die beleid in terme van die vereistes van die Fakulteit;
- ontwikkeling en implementering van prosedures vir die bevordering van effektiewe praktyke met betrekking tot assessering binne die Fakulteit;
- daarstel van prosedures en meganismes om probleme met die implementering van die assesseringsbeleid te identifiseer en te hanteer;
- versekering dat alle kategorieë van interne assessore gepaste opleiding en/of ontwikkelings-geleenthede ontvang ten einde aan die Hoër Onderrig Kwaliteitskomitee (HOKK) se vereistes vir assesseringsbekwaamheid te voldoen.

## **10.4 Verantwoordelikhede van die Departementele Programkoördineerder**

Die Departementele Programkoördineerder moniteer die volgende sake en neem aksie om sake wat aandag verdien, op te volg:

- dat assessering voldoende bewyse oplewer dat die uitkomst van die program gehaal word;

- dat toepaslike assesseringskriteria en assesseringsmetodes gebruik word.

Die Departementele Programkoördineerder is die skakel tussen die Voorsitter en Dagbestuur van die Departement, wat oorkoepelend verantwoordelikheid neem van die program(me) wat die Departement aanbied, en die Programkomitee van die Fakulteit.

### **10.5 Verantwoordelikhede van die Departementele Voorsitter**

Die Departementele Voorsitter

- ontwikkel 'n moniteringsstelsel vir die Departement se assesseringspraktyke om te verseker dat dit voldoen aan universiteitsbeleid;
- identifiseer prosedures, meganismes en 'n leerondersteuningsstelsel om afwyking van die Universiteit se assesseringsbeleid te hanteer;
- moniteer studente se persepsie oor die gehalte van hul assessering deur middel van module- en dosente-terugvoer en ontwikkel 'n ondersteuningsstelsel waar dit blyk dat die assessering nie op standaard is nie; en
- verseker ten tye van aanstelling, asook deurlopend, dat dosente wat by assessering van studente betrokke is, voldoende toepaslike opleiding en/of ervaring het. Spesifiek word verseker dat minstens een van die assessore in elke module goeie ondervinding op die gebied het.

## **11 Voorvereistes**

Nuwe, voor- en slaagvereistes het ten doel dat studente oor genoegsame vlakke van vooraf kennis beskik om 'n opvolgmodule te bemeester. Die Universiteit se algemene stelsel van voorvereiste modules word in hierdie reglement behou:

- **Nuwevereiste:** 'n student moet vir die betrokke module in parallel of reeds voorheen, ongeag die prestasie behaal in die module, ingeskryf wees.
- **Voorvereiste:** in eksamen-modules moet 'n klaspunt van minstens 40 behaal word, terwyl in alle ander modules 'n prestasiepunt van minstens 40 behaal moet word, om 'n voorvereiste te bevredig.
- **Slaagvoorvereiste:** 'n prestasiepunt van minstens 50 moet in die module behaal word.

In sommige finalejaarmodules in die Fakulteit, word finalejaartoelating of departementele goedkeuring as voorvereistes gestel.

## **12 Toegewings aan Herhalers**

In ooreenstemming met die afdeling "Herhaling van 'n module" in Deel 1 van die Jaarboek, indien 'n student 'n module herhaal, dan mag die dosent verantwoordelik vir die module aan die student vrystelling verleen van sommige assesserings, mits die module se tuisdepartement se beleid sulke vrystellings toe laat. Indien vrystelling op hierdie basis aan 'n student verleen is, dan mag die dosent, onderhewig aan die module se tuisdepartement se beleid, kies tussen die volgende werkswyses om die student se klaspunt, semesterpunt en/of prestasiepunt te bepaal:

- Die punt wat die student in die betrokke assessering by 'n vorige geleentheid behaal het, word in plaas van die vrygestelde assessering gebruik.
- Die bydrae wat die betrokke assessering tot die prestasiepunt maak, word buite rekening gelaat en die puntesamestelling word dienooreenkomstig aangepas.

Enige vrystelling wat aan 'n student verleen word, moet skriftelik (bv op die gebruikelike vorm aangeteken) vir die student gegee word.